VERJAARSDAE : 23 TOT 29 NOVEMBER 2008

11/23	DRIES	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149	(Blok 3)
11/23	LIZE	MEYER	SMUTSLN 196	(Blok 2)
11/23	JACO	UYS	SMUTSLN 120	(Blok 3)
11/23	ARTHUR	APPEL	HANS STRIJDOMLN 32	(Blok 4)
11/24	ZELDA	BROEKHUIZEN	HANS STRIJDOMLN 9	(Blok 4)
11/25	GENI	ANDERSON	DF MALANLN 243	(Blok 1)
11/26	RICO	CARSTENS	4DE STRAAT 25	(Blok 1)
11/26	HESTER	GERBER	DF MALANLN 133	(Blok 3)
11/26	NICOLE	OPPERMAN	ERIKA WS 3	(Blok 1)
11/26	HEINZ	MEISSNER	VAN RIEBEECKLN 189	(Blok 2)
11/27	SHUAN	ERASMUS	THEODORESTR 45	(Blok 1)
11/27	RIËTTE	STOLZ	2DE STRAAT 9	(Blok 1)
11/27	AMANDA	GRUNDELINGH	DF MALANLN 33	(Blok 4)
11/28	RICHARD	HERSELMAN	TRICHARDTWEG 14	(Blok 1)
11/28	OKKIE	PRINSLOO	TRICHARDTWEG 2	(Blok 1)
11/29	SIGRID	HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	(Blok 3)

HUWELIKSHERDENKINGS : 23 TOT 29 NOVEMBER 2008

MAANDAG, 24 NOVEMBER		
HUMAN JACQUES EN JANET	HANS STRIJDOMLN 93A	(Blok 3)
DINSDAG, 25 NOVEMBER		
STEYN RONNIE EN RONELL	KRUGERLN 85(B)	(Blok 4)
DONDERDAG, 27 NOVEMBER		
NICO EN ELIZE FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	(Blok 2)
FREDDIE EN ALMA SCHOEMAN	KRUGERLN 105	(Blok 3)
SATERDAG, 29 NOVEMBER		
FAAN EN MAGDA BUYS	HANS STRIJDOMLN 143	(Blok 3)

SEKTOR 2 GEMEENSKAP POLISIE-/VEILIGHEIDSFORUM

Vergader ***Dinsdagaand 25 Nov 2008 om 19:00*** in Gemeente Sentrum.

Met die feesseisoen voor die deur is dit ook tyd om voorbereid te wees teen normaalweg verhoogde misdaad.

Almal welkom.

Jaco van As
0791976267
012 6642149

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos
FAMILIENUUS
Sondag, 23 November 2008
Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 23 NOVEMBER
Deurkollekte Motorwag
Sakelys Kerkraadsvergadering

08:00 Voorbidding in bo-kamer. Almal welkom
09:00 Oggenddiens: Ds Dirk Taljaard (Bybelgenootskap)
18:00 Kerssangdiens

MAANDAG 24 NOVEMBER

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 25 NOVEMBER

19:00 Sektor 2 Veiligheidsvergadering (Kyk bl 8)

WOENSDAG, 26 NOVEMBER

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 27 NOVEMBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 30 NOVEMBER
Eerste Sondag in Advent
Deurkollekte Noodlenigingsfonds

08:00 Voorbidding in bo-kamer. Almal welkom
09:00 Erediens: Ds Beukes

WOENSDAG, 3 DESEMBER

17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 4 DESEMBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 5 DESEMBER

SKOLE SLUIT

SONDAG, 7 DESEMBER
Tweede Sondag in Advent

08:00 Voorbidding in bo-kamer. Almal welkom
09:00 Erediens: Freddie Schoeman

SONDAG, 14 DESEMBER
Derde Sondag in Advent

08:00 Voorbidding in bo-kamer. Almal welkom
09:00 Erediens: Freddie Schoeman

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Arie, Tania en Anrie Roos, Cantonments-weg 1 met Arie wat hierdie week ingaan vir 'n belangrike operasie (Blok 2).
2. Bets Redelinghuys, Ridgewood 33 wat tuis aansterk. Daar was 'n bietjie terugslag maar dit is ook opgelos (Blok 4).
3. Boet en Alet Venter, Gloverln 196 met Alet wat op 15 November vir intensiewe rugbehandeling ondergaan het en aansterk (Blok 4).
4. Gerhard en Charn Broekhuizen, Hans Strijdomln 9 met Charn wat 'n heup-operasie ondergaan het (Blok 4).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat wag vir 'n nieroorplanting (Blok 2).

FEESBUNDEL

Die feesbundel is beskikbaar by Max Amsenga, Krugerlaan 286 (664-3629) en ook by die inligtingstoonbank in die voor-portaal van die gemeentesentrum.

Die prys is R100 per eksemplaar.

Persone wat bestellings geplaas het word versoek om dit <u>asseblief</u> af te haal.

Voorbidding in bo-kamer elke Sonoggend om 08:00. Almal welkom.

WOORDWYSER

2009

'n Mens se brein is 'n snaakse ding: ons verstaan dikwels iets eers regtig as ons die groter prentjie sien. As ons wil weet presies wáár 'n leg-kaartstukkie inpas moet ons na die afbeelding op die voorkant kyk.

'n Bybelvers is baie soos 'n legkaartstukkie. Ons sukkel soms om 'n stukkie uit die Bybel te verstaan as ons nie weet waar dit in die groot legkaart van die geskiedenis inpas nie.

Om die Bybelleser te help om die groot prentjie van die Bybel se ontstaanstyd raak te sien bied die Woordwyser Bybel in Konteks die volgende:

'n Dag-tot-dag Bybelleesprogram vir ernstige Bybel-lesers. Dit bevat:

- Deeglike inleidings en agtergrondsketse.
- Verklarings van korter gedeeltes (in dagstukkie-formaat).
- Riglyne vir kleingroepriglyne gebaseer op die luistersiklus van die Seisoen van Luister.
- Agtergrond oor die verskillende seisoene van die kerklike jaar.

Eksegetiese en liturgiese riglyne vir gemeenteleiers. Dit bevat:

- Verdere agtergrondinligting en preeksketse vir elke Sondag van die jaar.
- Voorstelle vir die inrigting van eredienste wat aansluit by die preeksketse.
- Voorstelle vir die aanbied van kinderboodskappe gebaseer op die preeksketse.
- Visuele materiaal vir gebruik in die erediens op die meegaande CD. (Opsioneel)
- Nuutgeskepte liedere vir loprysing en aanbidding.

Die Bybel is 'n bundel antieke dokumente wat vir die moderne mense soms moeilik is om te verstaan. Die Woordwyser II Bybel in Konteks wil die gelowige Bybelleser help om God se stem helder en duidelik te hoor deur die konteks van die Bybelgeskrifte te ontsluit.

Bybelleesprogram: R90

Eksegetiese Riglyne: R110 (CD: R45)

Bestellings: Freddie Schoeman (0126643751 / 084-581-8139 of stuur 'n e-pos aan:

fredschoeman@mweb.co.za of besoek: www.sinoos.co.za

LIDMATE IDENTITEITSNOMMERS

Die Sentrale Argiefkantoor van die NG Kerk wil graag alle lidmate se identiteits-nommers op 'n sentrale stelsel aanbring en is afhanklik van gemeentes om dit te verskaf. Daar is reeds verskeie versoeke aan lidmate gerig in die vorm van 'n afskeurbriefie in die Familienuus, deur persoonlike briewe en via die ouderlinge, diakens en dienswerkers. Sal lidmate wat nog nie geantwoord het op die skrywe gedurende Augustus 2008 ons ASSEBLIEF behulpsaam wees en dit deurgee aan Max Amsenga (012 664-3629). Dit word streng vertroulik hanteer en ons het die versekering van die Sentrale Argiefkantoor gekry dat dit streng vertroulik hanteer sal word. Lidmate word ook beskerm deur die wet op be-kendmaking van inligting.

Daar is nog heelwat id-nommers uitstaande en op 'n stadium sal ons databasis nie kan funksioneer sonder die id-nommers nie!

Kinders se id-nommers is op hul registrasie van geboorte beskikbaar—dit is die nommer wat aan hulle toegeken word wanneer daar om identiteitsboekies aan-soek gedoen word.

U samewerking sal baie waardeer word.

VAN: .....

ADRES: .....

.....

TEL NO: ..... SELFOON: .....

OUERS: Vader: .....

Moeder: .....

KINDERS: (1) .....

(2) .....

(3) .....

U kan by die Departement vir Registrasie van geboortes, huwelike en sterfgevalle aansoek doen vir 'n duplikaatsertifikaat indien u kind se registrasievorm verlore geraak het. Dit is uiters noodaaklik dat u hier-die dokument bekom.

GELOFTEFEES TE ROOIHUISKRAAL

Daar word weer vanjaar 'n Gelofte-fees te Rooihuiskraalterrein gehou. Hierdie fees is 'n betreklik jong fees, maar wat vanweë die uitbreiding van woonbuurte ten suide van Pretoria, jaarliks 'n groei toon.

Ons is bewus daarvan dat baie gemeentes op Geloftedag 'n erediens hou. Sommige mense voel egter dat hulle vir die geleentheid saam met volksgenote uit ander kerke fees wil hou wat iets meer as net 'n erediens behels. Die fees op Rooihuiskraal is so 'n geleentheid.

Na die fees wat van 9 tot 11 duur, is daar geleentheid vir mense om gesellig saam te verkeer rondom 'n piekniekmandjie.

Baie dankie vir u samewerking

Ds Wilhelm Steyn : Voorsitter

Tel 083 448 2134, 011 970 4010 (k) en 012 348 2932(h)

BAIE DANKIE ...

Aan Alet Venter wat vir ons die gemeentsentrum se oonde so mooi skoon-gemaak het! Dit is “skitterblink”!

Wees verseker dat ons dit opreg waardeer!

Aan Simon wat haar gehelp het, ook ons opregte dank. Simon is voorwaar ‘n staatmaker en ons besef nie altyd wat hy alles doen en altyd gewillig, vriendelik en behulpsaam is nie!

OORSKAKELING VHS BANDE EN LP’S

Wil u graag met die glasie wyn of glasie port na al die herinneringe op VHS bande kyk en na ou LP’S luister?

Ek kan u VHS BANDE oorsit na DVD en die LP’s na CD.

Benodig u sulke diens.

KONTAK THALIA BY 082 450 1629/012 653 7547
OF Epos my by Atos@polka.co.za

GEBEDSNUUSBRIEF (2)

Liewe Gemeente

Ons hoop van harte elke lidmaat het die krag van gebed hierdie week ervaar. En as jy nie het nie, moenie moedeloos raak nie, moenie ophou bid nie. Smeek elke dag jou behoefte van God af. Hou in gedagte dat jou tyd nie God se tyd is nie en jou behoefte nie altyd dit is wat God vir jou wil gee nie. Hy weet van beter en Hy sal vir jou sorg. Bid "as dit U wil is Here, nie my wil nie"

Daar vind elke dag soveel wonderwerke plaas in die wêreld deur gebed en dis nie net vir ander beskore nie, ja, vir jou ook!! God is genadig en regverdig en sal vir jou help. Ek moes 'n jaar en 'n half bid vir iets voordat ek dit ontvang het. En ek het meer ontvang as waarvoor ek gevra het. Dit verg baie geduld en deursettingsvermoë.

Ons gaan elke week God ontdek deur verskillende name wat aan Hom gegee is. Die name is baie kragtig en kan met krag ook in gebede gebruik word. Ons gaan net een Naam per week gee.

Hebreeuse naam:: EL SHADDAI

Betekenis: DIE ALMAGTIGE GOD

In Gen 17:1 staan:

"Toe Abraham 99 jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!"

Dit sluit nou ook baie mooi aan by Ds Freddie se preek van Sondag 9 November oor 'n wyse lewe; om wyse besluite te neem en altyd ook God se wil in jou besluite te vra. Dis hoekom God sê Hy is Almagtig want deur Hom en tot Hom is enige iets moontlik. Glo net daarin!! EN BID!!

Ek glo u onthou nog die storie van die seuntjie en sy pa wat op die strand gaan stap het. Die seuntjie het hulle voetspore dopgehou, 'n Paar klein voetjies en 'n paar groot voete. Hy het moeg geword en sy pa het hom opgetel en op sy skouers gedra. Daar was nou net groot voete in die sand. Dis hoe God ons elke dag dra. Daar is net een paar voetspore soos Hy ons elke dag dra. As daar twee paar voetspore in die sand is dan vertrou jy God nie met alles in jou lewe nie.

Gemeente onthou asseblief Sondae oggende 08:00 bid ons in die bo-kamer in die saal. U is almal welkom. En as daar enige versoeke is asseblief vul die terugvoer kaartjies in sodat dit by ons kan uitkom.

Mag u 'n wonderlike week ervaar in God se teenwoordigheid.

Jesus groete

Die gebedsgroep

INLIGTING SKAKEL:

Retha en Johan Wessels:	082 388 1790
Martin Smith:	082 948 8597
Mariana Strydom:	082 451 5811
Madelaine Steyn:	082 354 2455

IS JY BESIG OM GEESTELIK TE GROEI?

Is jy besig om God se liefde te ontdek?

☐ Ek verstaan dat God my onvoorwaardelik liefhet en sy Seun gestuur het om in my plek vir my sondes te sterf en dat ek sy liefde nie hoef te probeer verdien nie.

☐ Omdat God my liefhet en my vergewe, vergewe ek ook my broers en susters as hulle my te na gekom het.

☐ Ek is besig / toegerus daarvoor om vir ander mense van God se liefde in woorde en dade te vertel en nooi gereeld ander om ons gemeente te besoek.

Is jy besig om jou geestelike familie te ontdek?

☐ Ek besef dat God my Vader is en dat ek deel van sy huisgesin is. Daarom vertrou ek op Hom vir al my behoeftes.

☐ Ek dra die belange en behoeftes van my broers en susters in die huisgesin op die hart en help daarom aktief om hulle te versorg en troos en laat ook toe dat hulle my versorg en troos.

☐ Ek help aktief om alle besoekers en nuwe lidmate te verwelkom en help om hulle so vinnig as moontlik te betrek en in te skakel.

Is jy besig om te ontdek wat dit is om saam met God te leef?

☐ Ek verdiep my verhouding met God deur gereeld in my binnekamer tyd in gebed, Skrifstudie en nadenke deur te bring en ook ander maniere van geestelike verdieping te ontdek.

☐ Ek help om my broers en susters se verhouding met God te versterk deur gereeld saam met hulle te aanbid in die erediens en ook voorbidding vir hulle te doen.

☐ Ek verheerlik God elke dag van die week en op elke plek waar ek kom deur dit wat ek doen, dink en sê en is bereid om op te staan vir vrede, geregtigheid en liefde.

Is jy besig om te ontdek wat jou potensiaal is?

☐ Ek laat elke dag toe dat die Gees my al hoe meer vernuwe sodat sy vrug al hoe meer in my lewe sigbaar word. (Gal 5:16-25)

☐ Ek weet presies wat my gawes en talente is en hoe ek dit kan gebruik om die lewens van my broers en susters te verryk. (Ef 2:10; Heb 10:23-25)

☐ Ek lê myself elke dag daarop toe om my gawes en talente te gebruik om my wêreld te verbeter deur sout (smaakgewend, bederfwerend en helend) en lig te wees. (Ef 2:10; Matt 5:13-16)

Is jy besig om jou lewensroeping te ontdek?

☐ Ek weet wat God se plan met die wêreld is en het myself daartoe verbind om my rol in die uitvoering daarvan te speel. (Jesaja 2:2-4)

☐ Ek vervul my funksie binne die liggaam van Christus volgens my gawes en talente en stel my tyd en hulpbronne tot opbou van die gemeene beskikbaar. (Ef 4:16)

☐ Ek weet wat my lewensroeping is en en is besig om dit te verwesenlik.

lewensvreugde lewensvrede lewenskrag lewensvernuwing lewensvervulling



KERSSANGDIENS

NG LYTTELTON-OOS

VANAAND **23 November 2008**
om 18:00
'n Besondere geleentheid om met sang en musiek die koms van Christus te vier

Herstelwerk aan geboue

Ons wil graag trots wees op ons gemeente se fasiliteite! Daarom is daar 'n paar klein herstelwerkies wat gedoen moet word. As jy bereid is om van hierdie take op jou te neem, bepaal 'n prys en skakel dan met Tania (083 408 0860) of Arie (082 578 6595). Die dringendste werk is die volgende:

- Dit trappe in die saal wat na die parkeerarea lei.
- Die konsertina skuifdeure in die saal: diens en skoonmaak
- Dameskleedkamer in saal: toilette is gevlek, al drie lek en kort nuwe sitplekke
- Manskleedkamer in saal: toilette gevlek, gebreekte wasbak, pypwerk, toilette onder die verhoog lek ook
- Gebreekte ruite in saal

Soos wat die werk vorder, sal daar nog behoeftes bepaal word.

TE HUUR
MEENTHUIS IN AFTREEOORD
BESKIKBAAR VANAF 16 DESEMBER 2008

24 uur sekuriteit
24 uur verpleegsuster aan diens
2 Slaapkamers
Oopplan sitkamer, eetkamer, kombuis
1 badkamer
Toesluit motorhuis
Skakel Zelda: 083 259 2401